

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 30
(Geen Datum)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

My oupa kon so mooi bid

Die hele dorp het Gysbert geken. Hy was eintlik bekend as ou Bottel Gys. Hy was nog jonk maar andersins verwaarloos en onnet.

Daar het tye omgegaan dat hy sonder werk rondgehoop het, en van sy kroegvriende se gunste en gawes geleef het. Tog het niemand hom in werklikheid geken nie. Ek ook nie . . . tot nou die aand, ja, verlede Sondagaand.

Miskien is dit goed dat ek maar die verhaal aan u vertel.

Toe hy by my deur instap, het hy sku gegroet, en daarby gevoeg: "U weet mos wie ek is". Ek het geantwoord, "Ja, Gys, maar wat maak dit saak? Kom sit. Ek dink jy het iets om aan my te vertel."

Terwyl hy met ietwat bewende hande sy sigaret opsteek, het ek hom vlugtig betrag. 'n Mooi gesig nogal. Die hare is egter slordig en veral lank om die slape en in die nek. Sy klere was tipies eendstertagtig, en lank nie meer skoon nie. Sy ooglede en gesigsuitdrukking het duidelik die tekens getoon van oormatige drankgebruik. Ek kon egter die aand niks van die aard agterkom nie.

Hy het toe begin praat.

"Ek moes vanaand na u toe kom. My mense weet niks meer van my af nie. Ek het ook niemand wat hom oor my meer bekommer nie. Ek leef net."

Ek het hom uitgevra oor sy ouers.

"Gys, leef hulle nog?" "Ja, ek dink so", het hy traag gesê.

Hy het my toe vertel hoe hy van die huis af weggeloop het omdat sy pa hom steeds geloop en berispe het oor sy manier van lewe.

"Ek kon die gekerktoeganery en die godsdienshouery net nie meer uitstaan nie. Dit was ook net gedurig: "Gys, hoekom so en hoekom sus? Waar was jy weer gisteraand so laat? Hoekom lyk jy so sleg? Waarom doen jy nie jou werk behoorlik nie?"

"Sien, ek moes net wegloop. Dit was al waaraan ek op daardie oomblik gedink het," het hy stroef gesê, en die stompie in die asbak doodgedruk.

"U gee nie om dat ek rook nie?" het hy gevra.

"Nee, gaan gerus jou gang, dit hinder nie. Ek rook ook so af en toe", het ek gesê. Hy het nog 'n sigaret opgesteek en toe aan my ook een aangebied.

"Het jy sommer net weggeloop?" het ek hom gevra. "Ja, net weggeloop."

"Niemand gegroet nie?" "Ja, my oupa".

"Jou oupa? En wat het hy gesê?" "Nie veel nie. Sy hart was seer, sy oë was so vogtig toe hy net gevra het of hy nie net vir my kan bid nie. Ek het toe vir my oupa gesê, dat hy maar kan bid as hy wil."

"Oupa het vir my die aand gebid. Dit was net asof hy met die Here hier by hom in die kamer gepraat het, Ek onthou nog die paar woorde. "Here, gaan saam met Gys, en hou sy hande in U hand."

"Was dit al?" het ek hom gevra. "Ja, dit was al."

"Wat het toe verder gebeur?" het ek hom aangemoedig.

"U sien, ek was toe daarop uit om alles te doen waarvan my ouers nie gehou het nie. Ek het ook begin drink. Dit het my gehelp om die werklikheid te vergeet, en my gewete stil te maak." Ek kon sien dat hy baie ongemaklik gevoel het. "Ek weet u verag my seker nou nog meer." "Nee, Gys, ek mag jou nie verag nie." "Vertel gerus alles."

"Ja, u weet ook waarop dit toe verder uitgeloop het", het hy voortgegaan. "Ek was nooit weer in die kerk nie, Dit kon my tog niks bied nie. Ek kon ook daarna nooit bid nie. Die woorde het my elke keer laat verstik. Wat sou dit tog help? Die Here sou tog nie na so iemand luister nie".

"Ek het sleg gelewe . . . geld, drank en slegte vroumense. Ek het nie 'n Bybel gehad nie, en sou dit tog ook nie gelees het nie. Die Bybel en daardie soort lewe gaan nie saam nie. Ek wou nie huigel nie. Godsdienste het alle betekenis vir my verloor. Dit was soms so lekker om net te lewe, te lewe . . . en tog was ek by tye bang. Dan het ek gedrink, en in 'n droomwêreld van geluk en vrede het die werklikheid vervaag. Daar was ook die vroumense . . . Nee, moenie my verag nie." Hy het sy oë pleitend op my gerig gehou.

"Vertel maar, Gys," het ek byna fluisterend gesê. Ek het die sweet op sy voorhoof en in sy hande gesien. Hy het weer gerook, en 'n hewige hoesbui het sy liggaam geskud. "Ag, verskoon tog. Ek hoes soms baie, veral in die nag."

"En toe?" moedig ek hom maar weer aan.

"Gisteraand was ek weer so beskonke. In die vroeë oggendure het 'n harde klop my uit my benewelings gewek. Ek was toe alleen . . . so bitter alleen. Die bottel was leeg. Sy . . . was ook weg. Alles het vir my betekenisloos gelyk. Ek was so moeg vir die lewe. Ek het dit selfs oorweeg om maar my eie lewe te neem. Ag, verskoon tog . . . maar dit was so. Ek was so vreeslik eensaam. U weet dit was of die eensaamheid my hier binne wou doodwurg. Ek het so verlate gevoel . . . so . . . vuil."

Ek het gesien hoe sy oë vogtig word. Hy het sy hande gesit en vryf.

"Gys wat se geklop was dit?" het ek maar weer gevra.

"Ag, ekskuus tog; ja, toe het ek die klop gehoor. Dit was so dringend en vir my byna onwerklik. Toe het hy in die deur gestaan."

"Wie het in jou deur gestaan?" vra ek.

"Iemand in uniform. En hy het gepraat. Soos in 'n waas het ek hom gehoor en gesien. 'Is jy Gysbert . . .?' het hy gevra. Ek het geantwoord: 'Ja.' 'Kom jy van Kronkelspruit se wêreld?' 'Ja.'

'Ek het 'n boodskap vir jou.' 'Ja, wat?'

'Jou oupa is dood. Hier is 'n brief wat aan jou gerig is.'

'Gee hier.' Toe het hy gegroet en gegaan. Ek het die brief geneem en vinnig oopgeskeur . . . Ek het toe gelees. 'Gys, ek bid nog vir jou. Kom terug.' Dit was al. Nou is hy dood. Dink u dat hy tevergeefs gebid het?" het hy angstig gevra.

"Nee, Gys, die Skrif sê mos ook dat die gebed van die regverdige veel vermag."

Ek kon merk hoe die onsekerheid hom laat huiwer.

"Maar . . . hy kon so kragtig en mooi bid, en . . . nou? Hy is dan dood."

Ek het toe opgestaan en na hom gegaan en sy hand geneem, en aan hom gesê: "Gys, die Een

wat waarlik vir jou bid, kan nooit sterwe nie.

"Meen u dat Hy ook vir my bid . . . vir my?" "Ja, Hy bid vir jou."

"En my oupa?" "Nee, hy bid nie meer vir jou nie. Hy kan nou nie meer nie . . . Ek dink hy wag nou vir jou."

Nadat hy my hartlik bedank het omdat ek na hom wou luister, het hy gesê: "U moet ook vir my bid, dan hoef ek nie so alleen te voel nie."

Nou ja, Gys het teruggegaan. Op Kronkelspruit het hy weer sy voete gevind. Daar het na al die jare versoening plaasgevind.

In een van die kerkalmanakke het ek 'n jaar of drie daarna sy naam gesien. Hy was kassier en evangelisasie-ouderling in die gemeente.

Die mense hier het dikwels gewonder wat van Bottel Gys geword het. Sommige het gemeen dat hy 'n boemelaar geword het, of hom reeds doodgedrink het.

Ek het beter geweet.

Weet u ook nie van meer sulke oupas, of moeders of vaders nie? Daar sal wees . . . miskien ook een wat vir u bid.

Al is daar egter geen mens meer nie, is Hy nog daar wat ook vir u bid . . . vir Gys, en andere soos hy.

U moet Jesus leer ken.

L. J. Buys.

DAAR IS NET EEN ANTWOORD.

Hy kom nie kerk toe nie, want, sê hy, hy weet wat sommige kerkmense doen.

Of ek dit goedkeur dat ouderling Oudste, wat elke Sondag met sy vroom gesig in die ouderlingbank sit, so skelm is in sy winkel.

Of ek daarvan bewus is dat diaken Penning die kat in die donker knyp? Nee.

Maar vir hom is daar net een antwoord: Wanneer jy voor die Regterstoel van die alwetende God staan, sal nie aan jou gevra word wat ouderling Oudste of diaken Penning gedoen het nie. Aan jou sal gevra word: Wat het jy gedoen?

Dink hieroor na voordat u weer u kerklose lewe verskuil agter die sondes van andere!

RAAK DIT JOU NIE?

Met ontroering dink ek nou daaraan dat hulle Jesus gegésel het.

Géseling was 'n ontsettende straf. Die persoon se klere is van sy liggaam verwyder. Hy is aan hande en voete gebind en oor 'n gesélbank oopgesper.

En dan is hy met die gésel oor sy naakte rug geslaan.

Die gésel was 'n sweep met 'n hele aantal rieme. In elke riem was klein stukkies skerp yster ingeryg. Een hou met 'n gésel was genoeg om die hele rug in 'n bloedende wond oop te kloof. Die Joodse wet het voorsiening gemaak vir soveel as veertig houe.

Hulle het Jesus gegésel.

Sy rug oopgeslaan.

Totdat Hy een rooi, bloedende wond was.

Toe het hulle die kruis op sy gepynigde rug gelê.

Hy moes dit dra na Golgota.

Hy die onskuldige.

Toe hulle die spykers deur sy hande slaan, het Hy vir hulle gebid: Vader vergeef hulle . . .

Vir hulle.

En vir jou.

Raak dit jou nie?

P.W.B.

HEER, AS U NIE . . .

Heer as U nie van dag tot dag,

van uur tot uur my steun,

as U nie elke oomblik

my stem hoor hoe dit kreun,

as U my nie wil dra, o Heer,

dan struikel, val ek keer op keer.

o Leer my loop, en leer my staan,

met U as Leidsman sal dit gaan.

(Vry vertaal uit Hollands).

MY HUWELIK OP DIE ROTSE

Is u huwelik op die rotse? Een van die vele huweliksbootjies wat skipbreuk gely het?

Dit is vreeslik as die ideale huweliksmaat, wat u gedink het u uitgekies het, geblyk het nie so ideaal te wees nie. As hy al gou nie meer so teer en bedagsaam teenoor u is as soos toe u nog albei verlief was nie.

Baie herinneringe flits deur 'n mens by so 'n skipbreuk. Hulle sê mos 'n drenkeling sien sy hele lewe voor hom verbyflits in sy laaste lewensomblikke.

Die lentetyd van die liefde.

Hoe mooi was julle ontmoeting. Heerlik was dit om nou tog eindelijk iemand te kry wat u begryp. Hoe sterk het die verhouding gegroei.

Vas oortuig dat dit die regte ding is, het u verloof geraak. Trots en bly het u voor die kansel gestaan, en op u verskillende vrae, "ja" geantwoord.

Saam het u die vreugde van ouerskap gesmaak. Soveel lugkastele het u saam gebou, en nou, nou het hulle inmekaar getuimel.

Nog 'n huwelik op die rotse.

Ons verhouding tot God.

As ons die Here verlaat, is ons egbrekers. Ons pleeg owerspel met ons gerief en plesier as ons byvoorbeeld Sondae so laat slaap, dat ons nie meer kerk toe kan gaan nie. Ons bedryf hoerery, as daar enigiets in ons lewe is wat ons belangriker, of net so belangrik as die Here vind.

U het die Here verlaat, sy "huwelik" met u op die rotse laat afstuur. Wil u nou u man verwyte omdat hy u nie meer liefhet soos vroeër nie, miskien ook teenoor u oortree het?

Is dit nie 'n geval waar die pot die ketel verwyte nie? Met verwyte kom ons nêrens.

Lees 1 Kor. 13.

Neem liewers u Bybel, en lees 1 Kor. 13 kalm en aandagtig. Daar staan onder andere: Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

So is die liefde van die Here teenoor u. Hy wil u verhouding met Hom red. Om dit te doen het die Here Jesus sy lewe neergelê en is Hy gekruisig. Hy het die duurste prys vir ons verlossing betaal.

Wil u nie ook moeite doen om u huwelik met u man te probeer red nie? Het u alreeds alles gedoen? Ook in die lig van 1 Kor. 13, bedek, glo, hoop, verdra?

Vind u dit te moeilik.

Dit is moeilik. U moet eers iets anders doen.

Eers moet u u verhouding met die Here herstel. Gaan na Hom toe. Bely u sondes. Dien Hom. Hom moet u liefhê. Gaan soos die verlore seun, want hoor, Hy roep u. Hy sal u nie verstoot nie.

Neem ook u man saam na Hom.

Saam moet u Hom bo alles liefhê. Want so lief het God ook u albei gehad, dat Hy sy Seun na die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

Herstel u verhouding tot God.

God sal u dan ook toon hoe om u huwelik met u man te herstel.

W. L. Kuperus.

'N KLOP AAN DIE DEUR

Het jy die taal van God verstaan?

Kon jy uitmaak wat Hy aan jou wil sê?

Aan jou persoonlik!

Die motorongeluk waarin jy naelskraap
aan die dood ontkom het.

Die droogte wat die veld laat verdor en
die diere van honger laat sterf.

Die slapelose nag.

Die kind van jou met die liggaamsgebrek.

Die plotselinge dood van jou moeder.

Die geldkrisis in jou besigheid.

Die aanstelling wat jy nie gekry het nie.

Die siekbed.

Die skade wat jy met die jongste transaksie gely het.

Dis God se stem.

Hy het met jou gepraat.

Het jy geluister?

Het jy verstaan?

Het jy daaroor nagedink?

Het jy jou verootmoedig?

P.W.B.

SOOS 'N HERT IN DORRE STREKE

Miskien het jy al gehoor dat hulle dit in die kerk sing.
Maar as jy dit wil sien, wil beleef, kom na die Namib.

Die land van die groot dors, skroeiende hitte.

Die land van eensaamheid en stilte.

Die land van gemsbok en springbok.

Die land waar die gemsbok en springbok nog in duisendtalle loop. Altyd smagtende na water,
na groen weivelde, na koelte.

As die somerson en wind alle plante weggee het dat net die vuil, wit sand oorbly, dan keer
niks die gemsbok in sy soektog nie.

Geen draad, geen mensevrees.

Dan wyk hul uit na die bewoonde dele aan die kant van die Namib. Kom lê selfs langs die
pad, skraal en maer met geen skrik in hulle.

En hulle gaan suip uit die mensgemaakte watergate. Langs die see dring hulle selfs in tussen
die huise van die werkers wat delf na diamante — op soek na water.

As die dors te groot word, drink hul self uit die delwersgate wat vol seewater gesyfer het —
net om die dood te drink.

Die Namib gun die hert selfs geen skadu nie.

'n Woestyn binne 'n woestyn.

Die Namib is egter maar net nog 'n woestyn binne 'n veel groter woestyn — die lewe.

En dit het die mens, in die groot lewenswoestyn, gemeen met die gemsbok in die Namib: —
elkeen is soekende, smagtende hert in dorre streke.

U ken die eensaamheid van die woestyn van die lewe — duisende mense beweeg om en
langs mekaar en tog is jy alleen.

Ook die groot stilte. — Baie is dit wat praat en lag, maar nie een spreek tot jou siel nie.

Daar is ook die bedrieglikhede — syfergate waaruit jy meen om te drink, net om die dood
daarin te vind.

Daar is ook die smagting na die lafenis en koelte van 'n skuilplek.

Groen weivelde.

Die gemsbok in die Namib vind sy verkwikking en lafenis as God die mis van die see ophef
en dit op die woestyn laat neerdaal. Dan skiet vet, waterdraende plante op en groen weivelde
verskyn.

Eindelik vind die soekende hert sy rus in die beskerming en beskutting wat God aan hom
bied.

Die vrou in die woestyn.

Daar is egter ook nog iemand anders wat God in die woestyn op wonderbare wyse onderhou.

Dit is 'n vrou.

'n Vrou wat na die woestyn gevlug het omdat die draak haar wou verslind. In Openbaring 12
lees ons dat God vir haar 'n plek in die woestyn gereed gemaak het, en dat Hy haar daar

Die skrywer woon self in die woestyn. Hy moet dikwels honderde myle deur die duine reis. Daar het hy geleentheid om die hert wat smag na waterstrome van naby te sien.

onderhou.

Hierdie vrou is die kerk van Jesus Christus. Sy bruid.

In die woestyn van die lewe word sy deur Hom beskerm en bewaar totdat Hy, haar Bruidegom, sal kom om haar te haal.

By die waterbeke van God.

O hert in die woestyn van die lewe, jou siel smag na waterbeke. Na die lewensbron waar dit verkwikking en lafenis kan kry.

Jy **kan** en sal dit vind by háár — die vrou in die woestyn!

By haar is die waterbeke van God! Die water van die lewe.

Gaan luister — Hy spreek dáár tot jou siel deur sy Woord. Elke Sondag. Hy verbreek die groot stilte waarin jy leef.

Daar is nie eensaamheid nie maar die warme gemeenskapslewe van die heiliges. Hulle bid almal saam ----- ook vir jou.

Aan sy tafel **verkwik** en versterk Hy jou — net so seker as wat jy die brood en drinkbeker **uit die hand** van die dienaar ontvang, net so seker voed en laaf Hy jou siel tot die ewige lewe deur sy gekruisigde liggaam en vergote bloed! Hoor sy woord: "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie."

Gee ag op sy uitnodiging: "O almal wat dors het, KOM na die waters . . ." Dan kan jy ook saam sing: "O my siel, waarom onrustig? Hoop op God, in **Hóm** weer rustig!"

B. v.d. Walt.

WAT DINK U HIERVAN?

Keiser Licinius (vierde eeu na Christus) het die Christene laat verdryf uit die land, hulle laat vang, hulle laat folter en doodmaak, kerke laat verwoes en 'n wet uitgevaardig dat elkeen wat aan 'n gevangene voedsel of laafnis bring, dieselfde straf as die gevangene moet ondergaan.

In hierdie tyd is veertig martelare in Sebatse in Kappadocië gevang. Hulle is 'n hele nag nakend op die ys neergelê nadat hul vasgebind is, om hulle tot die afval van Christus te dwing. Slegs een het afvallig geword, maar hy het dadelik in die warm bad gesterf wat hulle hom die volgende môre gegee het. Die bewaker is so getref dat hy 'n Christen geword het. Daarna is hy ook om die lewe gebring.

MOENIE HIERDIE VRAAG PROBEER ONTWYK NIE.

QUO VADIS? beteken: waar gaan jy heen ?

Volgens 'n ou oorlewering is dit wat die verhoogde Heiland aan Petrus gevra het toe die apostel van die martelaarskap wou wegvlug. Petrus het hom omgedraai, is gevang en onderstebo gekruisig.

Of hierdie verhaal waar is, weet ons nie.

Wat wel waar is, is dat die Here hierdie eenvoudige blaadjie gebruik om aan jou wat nou hierdie reëls lees, die vraag te stel:

WAAR GAAN JY HEEN?

Per slot van rekening is alle mense op pad. Hemel toe of hel toe.

Waarheen gaan jy?

Rooi verf om hom 'n bietjie kleur te gee

Een van die magistrante van die stad het sy gehegtheid aan die verwoeste afgodsbeeld van Hercules betuig. Augustinus (geb. 354 n.C.) het hom soos volg geantwoord:

Wil jy spreek van jou Hercules?

Wel, ons sal hom aan jou teruggee.

Daar is metaal.

Aan stene ontbreek dit nie.

Marmer is daar ook.

En 'n menigte kunstenaars.

Nou kan jou god met ywer gebeeldhou word.

Gedraai en versier.

Ons sal rooi verf verskaf om hom 'n bietjie kleur te gee.

Dan kan jou heilige geloftes weer luid weerklink. Ja, as jy van jou Hercules spreek, bring ons die geld byeen en koop van jou eie beeldhouer 'n god vir jou.

P.W.B.

TEKENS VAN DIE TYD

CHRISTENE WORD VERVOLG . . .

Toe Christus gekruisig is, het die spotters Hom toegeroep: "As U die Christus is, kom af van die kruis . . ." Tot sy volgelinge word geroep: "As daar 'n God is, laat Hy julle verlos!"

Ja, vreemd is dit vir die ongelowige dat 'n Christen bereid is om vir sy geloof te sterwe . . . Vreemd dat God dit toelaat . . . Veral aan die begin van die wêreldgeskiedenis is baie Christene gedood. In ons tyd groei die haat teen die kerk weer . . . Agter die ystergordyn en in China is duisende alreeds koelbloedig om die lewe gebring . . . Sommige is op afgryslike maniere doodgemartel . . . En alle tekens dui daarop dat die haat en vervolging sal toeneem . . .

Is dit nie vreemd dat die almagtige God, in Wie die mense glo, hulle nie beskerm nie . . . Is dit dan nie 'n bewys dat hulle 'n hersenskim najaag nie . . . As daar dan 'n God is, waarom red Hy hulle nie . . . ?

Vir die Skrifgelowige is dit egter nie vreemd nie . . . Christus het dit immers vooruit gesê . . . "Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my Naam." (Matth. 24 : 9).

Die bloed van martelare.

Het u ook al gehoor dat die bloed van martelare die saad van die kerk is? So was dit deur die eeue heen . . . Toe die Jode die Christengemeente in Jerusalem vervolg, vlug hulle na ander oorde en sover hulle gaan verkondig hulle die evangelie. So bereik die Jode net die teendeel van wat hulle bedoel het. Hulle roei die kerk nie uit nie, maar help om die saad van die evangelie te versprei. Dit het die Romeinse keisers ook ondervind . . . Hulle het duisende Christene om die lewe gebring, en miljoene het in hulle plek gekom. . . Selfs die magtige Romeinse ryk het later getuimel . . . Pas drie honderd jaar na die kruisiging van Christus kry ons die eerste Christen-keiser van Rome . . .

Die wêreld sal ons haat.

Ons wat Jesus se Naam bely, weet derhalwe wat om te verwag . . . Ons weet dat die wêreld ons sal haat . . . Bespottling en beskimping verduur ons altyd . . . Aan die een kant is dit die deel van die belyder van Christus omdat hy geroep is om te getuig teen die sonde van die wêreld . . . Mense verdra dit nie om tereggewys te word nie . . . Hulle haat hom wat hul sonde vir hulle aanwys . . . Aan die ander kant kan die goddelose die Christen nie verdra nie, al sou hy niks sê nie, omdat die voorbeeldige lewe van die Christen hom aankla . . . Het u ook al bemerk hoe naarstiglik mense soek na foute en oortredinge by die kerk, by sy ampsdraers . . . Elke oortreding of denkbeeldige oortreding van die predikant of ouderling word gretig uitgebuit en verdraai en vergroot . . . Ons praat natuurlik nie die oortredinge goed nie, maar onthou maar dat die mense hierdie dinge gretig aangryp om hulle eie sondes te bedek . . .

'n Wêreldwye vervolging.

Die haat teen die kerk en Christene groei aan . . . Ons sien dit en verwag nog veel erger . . . Ja, die Bybel weet selfs van 'n godsdiensoorlog wat nog kom . . . Dit mag uitloop op 'n wêreldwye vervolging van die kerk, waar daar ook al op aarde gelowiges gevind sal word . . . Dit sal 'n algemene haat wees. . Die wêreld sal daarop uit wees om die gehate Christendom met wortel en tak uit te roei . . .

Maak dit ons bang? Ja, ons is ook mense van vlees en bloed . . . Ons het ook vroue en kinders wat ons liefhet . . .

Maar ons diepste vrees is nie die dood nie . . . Elke mens gaan tog die dood tegemoet . . . Onthou die woord van Jesus: "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer doen nie . . . Vrees Hom, wat nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!" Diep in ons hart weet ons ook dit . . . Die algemene vervolging is 'n teken dat Jesus haas kom op die wolke van die hemel . . . Ons weet ons algehele verlossing is voor die deur . . . Daarom roep ons met die Gees: "Kom Here Jesus, ja, kom gou!"

M. J. Booyens.

Gebed

Here, ek is in nood.

In angs word my siel gepla.

My siel word aangegryp deur verskrikking.

Verlos my uit hierdie uur.

Maar hiervoor het ek in hierdie uur gekom,

dat U verheerlik sal word.

Mag dit U behaag om my te red.

Want ek is 'n arme skepsel.

Wat kan ek sonder U doen?

Gee my geduld, Here, ook nou. Help my, o my God, en ek sal nie meer vrees nie, hoe groot my nood ook is. Maar Here, laat u wil geskied.

U almagtige hand is sterk genoeg om ook hierdie beproewing van my af te neem of die krag daarvan te verminder, sodat ek nie heeltemal ondergedompel word nie. So het U vroeër dikwels met my gedoen, o God. Ek hoop op u barmhartigheid.

Amen.

Thomas a Kempis.